STERRETJIE

23 OKTOBER 2009 **JAARTAL 9 NO 18**

Dagsê

Na ‘n hele ruk van stilte, kan Gortopaan weer die pen opneem. En, dis sommer baie lekker, want so baie mooi en lekker dinge het intussen in die skool gebeur, dat die Sterretjie omtrent ‘n jong koerant gaan wees. Ek hoop die ouers en leerders geniet die stukkie leesstof, en gee dit sommer vir mense wat nog twyfel oor watter skool hulle volgende jaar gaan ondersteun.
Die voorbereidende eksamen is agter die rug, matriekafskeid en ook die laaste skooldag van die matrieks is iets van die verlede. Dis darem ongelooflik hoe vinnig die tyd verby snel. Gortopaan wil nou eers weer ‘n bietjie preek, en dit is dat ons nie ons lewens sal om wens nie, maar dat elke mens elke dag voluit sal leef, die ou lewe is te kort om dit nog vinniger om te wens. Teen die tyd wat hierdie Sterretjie verskyn, is die Graad 12’s klaar met skool, net die eksamen lê nog voor. ‘n Woordjie van waarskuwing, moet nie die ou eksamentjie te ligtelik opneem nie, hy het al ‘n hele paar mense se drome verniel. Werk maar die laaste 3 weke hard, dan sal jy verseker nie 12 jaar se werk in die water gooi nie.

Gortopaan erken nou maar dat sy Streeptruie dit toe nie gemaak het nie, maar ‘n groot troos is dat hulle die manne met die blou se senuwees klaar gehad het vir 77 minute. Die Suidsee makker is seker nou uit die Kaap en die land verban. Moet sê dat Nr 9 van die Bulle taai is, want toe daai witblits hom so duik, het ek gedink dis die einde.
Die arme manne van die Haaitenk : hulle wens seker rugbywedstryde is net 75 minute lank, want dis nou al die hoeveelste keer dat die beker in die laaste sekondes voor hul weggeraap[steel] word. Welgedaan Cheetahs, julle het gewys wat ware veggees beteken.
Dan is dit ook nog binnekort Curriebeker eindstryd. Wonder watter manne gaan lekker lag, kom volgende Maandag.

o/13 maak weer so!

Ons o/13 krieketspan het in die voetspore van die rugbyspan gevolg, en deurgedring na die volgende rondte in die krieketliga. Ons was die naaswenners in ons sirkel, en toe moet ons teen Christiana uitspeel. Die weer het nie so mooi saam gespeel nie, maar ons kla nie, want die ou aarde is lekker nat. Uiteindelik kon ons toe na die Vaalrivier se kant toe ry. Ons wen die loot en besluit om eerste te kolf. Danie en Jassie spring met ‘n gevaarlike spoed weg. Die eerste beurt lewer 24 lopies op, die volgende een 13. Ongelukkig verloor Leon sy paaltjie gou, maar Danie[42], Maghiel[35] en Johann Cilliers[24] kolf baie mooi. Almal dra bietjie by en ons teken ‘n totaal van 161 aan. Toe ons manne daardie rooi klip in die hande kry, was daar pêre. Die boulers het pragtig geboul en Christiana die heeltyd onder druk gehou. Danie neem 2 vir 16 in 3 beurte, Welmarie Wessels laat 2 paaltjies kantel vir 18 lopies in 4 beurte, en CJ Steyn neem 1 vir 9 in 3. Thiaan Erasmus was egter die verrassing van die dag. Hy het hierdie jaar maar eers begin krieket speel, en almal was maar half senuweeagtig toe hy boul kans teen Christiana kry. Hy blyk egter ‘n man vir die groot oomblik te wees, en stuur 4 beurte af, staan net 14 lopies af en net 2 wye balle. Dit wil gedoen wees. Wys jou wat ‘n mens kan verrig as jy wil. Ons boul Christiana vir 88 lopies uit. Dus wen ons die wedstryd met 73 lopies. Die speler van die wedstryd is Danie Maree en Thiaan Erasmus.

Die volgende dag, 15 Oktober, moes ons Schweizer toe ry om in die finaal van die liga teen hulle te speel. Ons speel op die hoërskool se veld. Danie verloor die loot en Schweizer besluit om te kolf. Die spelers wou-wou moedeloos raak, want die vorige keer toe ons teen mekaar gespeel het, het Schweizer meer as 240 lopies gekry. Na die 5de beurt, het Gortopaan gedink dat hier ‘n slagting aan die kom is. Gelukkig val daar toe ‘n paaltjie, en dis al wat onse manne en vroue nodig gehad het. Hulle het pragtig gespeel, geduik en gevang. Die vreugde was baie groot toe die groot gevaar man, Freddie vir net 7 lopies uitgehaal is. Welmarie was die bouler, en neef Johann het ‘n baie goeie vangskoot geneem.
Ons beperk hulle tot 126 lopies in hul toegelate 30 beurte. Leon Vorster neem 1 vir 25 in 6

beurte, Maghiel le Roux neem 3 vir 26 in 6, Welmarie Wessels neem 3 vir 19 in 5 en Johann Cilliers neem 1 vir 15 in 6 beurte. Dit was regtig pragtige, aanvallende boulwerk. Thiaan Erasmus wys dat die vorige dag se vertoning teen Christiana nie 'n gelukskoot was nie. Hy boul 6 beurte, staan net 23 lopies af, en boul net een wye bal. Pragtig gedaan!
Toe gaan kolf ons. Ons spring met 'n spoed weg, en tot hier by die 12de beurt, was Stella se spannetjie nog baie naby aan 'n baie geskiedkundige oorwinning. Ongelukkig het die paaltjies te vinnig geval, en ons kon net 93 lopies aanteken toe die beurte verby is. Danie Maree teken 26 lopies aan, en Welmarie Wessels speel 'n anker beurt met 20 lopies nun. Ons verloor die wedstryd met 30 lopies, maar die span kan hulle koppe hoog hou. Hulle het pragtige krieket gespeel, en nie sommer net gaan lê nie. Die speler van die wedstryd is Welmarie Wessels.

Vinnige Fanie wys ons hoe.

Op Donderdag, 8 Oktober, het 'n baie belangrike ding in Stella gebeur. Dit was weer tyd vir die tweede, jaarlikse Tom Bothma gedenkwedstryd. Die keer het die Beesfees komitee besluit om ietsie groter daarvan te maak. Hulle reël toe 'n Pro 10 toernooi vir o/13 spanne en kry vir Fanie de Villiers om die dag saam met ons deur te bring. Daar was 'n hele klomp klein mannetjies wat nie kon wag dat oom Fanie sy opwagting maak nie. Hulle het handtekeninge op enige iets laat teken, van agterkant van die selfoon tot op die "poedingbakkie" waarmee hy net nou nog gespeel het.

Stella speel in die eerste wedstryd teen Molopo. Molopo kolf eerste en teken 17 lopies aan. Danie Maree en Leon Vorster kom kolf en binne 4 beurte is hulle by Molopo se totaal verby. Buhrmansdrift en Sannieshof meet in die tweede wedstryd kragte waar Buhrmansdrift die oorwinnaars is. In die plaatkompetisie speel Molopo teen Sannieshof en Stella en Buhrmansdrift meet kragte in die finaal. Buhrmannsdrift teken 36 lopies aan in hul 10 beurte.

Johann Cilliers en Jay Jay Storm kom kolf vir Stella, en na 7 beurte is ons die oorwinnaars van die eerste Fanie de Villiers Pro 10 toernooi trofee. Baie geluk aan die manne. Hulle het elkeen 'n krieketbal, geteken deur Fanie de Villiers, as geskenk ontvang.

Eerstes stof Bloemhof af.

Die eerste krieketspan het hier tuis met Bloemhof kragte gemeet. Dit was 'n baie belangrike wedstryd, want ons moes wen om nog 'n sê in die liga te hê. Bloemhof kolf eerste en teken 173 lopies in hul 30 beurte aan. Boulers wat suksesvol was, is Jandrè de Wet met 2 vir 34 in 6, Tiaan Nel met 1 vir 18 in 2 en Janna van der Linde met 2 vir 25 in 4. Twee van Bloemhof is kolwers is uitgehardloop, wat getuig van uitstekende veldwerk aan ons kant. Ons kolwers was sommer kookwater, en het die lopies maklik afgekolf. Janna teken 16 nun aan, Lardus van Zyl kry 16, Tiaan Nel kry 29 nun en Noppie Jacobs het in 'n warrelwind beurt 59 lopies aangeteken. Ons wen die wedstryd met 4 paaltjies. Die speler van die wedstryd is Noppie Jacobs.

Ou manne sneuwel in Tom Bothma wedstryd.

Gedurende die Beesfees het die jaarlikse Tom Bothma gedenkwedstryd tussen die skool se eerste krieketspan en die Tom Bothma uitnodigingspan plaasgevind. Die ou manne was vol moed, wat hulle het darem die dienste van Vinnige Fanie gehad. Die ou manne het eerste gaan kolf, bloot omdat hulle die loot permanent gewen het om eerste te kolf. Gortopaan kon sien dat daar baie talent tussen die ou manne is, maar dat die talent taamlik verroes het, en dat die gees gewillig is, maar die vlees wil of kan nie meer nie. Fanie de Villiers het self die kolf lustig geswaai, maar moes voor Gerrit Mentz se akkurate boulwerk swig. Die snelheid tussen die paaltjies was ook nie wat dit moet wees nie, en dan wou van die Ou manne se broeke ook verloor as hulle tussen die paaltjies nael. Hulle teken 85 lopies in hul 30 beurte aan.

Jandrè de Wet neem 3 vir 18 in 6, Gerrit Mentz neem 3 vir 38 in 6, Noppie Jacobs en Tiaan Nel neem elk 1 vir 4 in 3 en Conrad Mentz neem 2 vir 8 in 4 beurte.

Ons kolwers het nie te veel gesukkel om die totaal verby te steek nie. Vinnige Fanie het gewys dat hy darem al voorheen daardie rooi klip in die hand gehad het, want Gerrit Mentz en Noppie moes lelik bontstaan en koppe uit die pad hou. Gerrit teken 31 nun aan en Noppie slaan 40 lopies. Ons eerste span wen die wedstryd met 8 paaltjies. Spelers van die wedstryd is Jandrè de Wet en Noppie Jacobs. Baie geluk.

Amanda praat groot!

Op baie kort kennisgewing moes Carina Cilliers en Amanda Roets weer aan die “Speech Contest” in Vryburg gaan deelneem.
Hierdie keer het hulle op distriksvlak deelgeneem. Die kompetisie was baie sterk en gelukkig was die organisasie goed. Amanda Roets word gesamentlik in die tweede plek geplaas. Ons wag nog vir bevestiging of sy op provinsiale vlak moet gaan deelneem. Baie geluk Amanda, doen so voort!

Akademiese presteerders beloon

Na die afgelope toetsreeks en eksamen is die akademiese presteerders onlangs in die saal vereer. SunaSwanepoel verwerf akademiese erekleure, terwyl Maghiel le Roux, Michaela Louw, Peter Maree, Leonie Maree en Pieter Wiid half erekleure in akademie verwerf.

In die hoërskool afdeling het die volgende leerders ook half erekleure in akademie verwerf : Corlia Labuschagne, Marizaan Bester, Nic van Biljon, Melanie Henn en Jaco Viljoen. Baie geluk aan al die presteerders.
Dis goed om te sien dat daar nog leerders is wat erns maak met hulle skoolwerk. Gortopaan is baie bly om ‘n paar manne se name te sien. Hoop dit spoor die ander manskappe in die skool ook aan.

Skoonhede skitter op Beesfees.

Die omgewing het weer kennis geneem van die mooi meisies en manne in die skool. Gedurende die Beesfees het verskeie van ons leerders aan die onderskeie skoonheidskompetisies deelgeneem en sommer 'n hele paar het die laaste 5 van elke afdeling gehaal.

Lee-Ann Shrives was 2de prinses in die Mej Beesfees kompetisie, Anèl Retief was Mej Persoonlikheid in die Mej Beesfees Junior afdeling en in die Mej Versie afdeling was Lianka-Lee Liebenberg 1ste prinses en Martinè Labuschagne was 2de prinses. Daar was tot 'n kompetisie vir die manne en Neil de Wet was tweede in die Mnr Bulletjie kompetisie. Nou weet Gortopaan nie so mooi nie. Kyk, die meisiekinders is daar oor skoonheid, maar wat het Neil wat hom sulke pryse laat wen? Baie geluk nogtans aan almal wat pryse verower het.

SJG-skip onder nuwe bevel

Die Stella Jeuggroep het die afgelope tyd herorganiseer en 'n nuwe bestuur gekies. Conrad Mentz is die nuwe voorsitter en die lede van sy komitee is: Chantelle Panther, Anli van Rensburg en Pieter-Jan Storm. Baie geluk aan die here en dames. Hou Juffrou Alta se hande omhoog soos Moses van ouds. Julle het 'n baie belangrike werk om hier in ons omgewing te doen. Doen dit voluit.

o/9's spook teen Vryburg maar Wildehondepan loop hulle teen ons jong honde vas.

Voorbereidingskool het hier na ons tuisveld gekom om te kyk wie is baas op die krieketveld. Ons span kolf eerste, maar dit het maar gesukkel. Janco Scheepers en Theodore van Rensburg het die beste met die kolf gevaar en teken 4 en 5 lopies onderskeidelik aan. Oom Ekstra het sy kant ook gebring en gesorg dat ons totaal 59 was na die 25 beurte. Ons boulers het heel gaaf geboul en baie minder ekstras as Vryburg afgestaan. Ons kon ongelukkig nie keer dat die besoekers ons totaal in die 15de beurt verbysteek nie. Gerdus Scheepers neem 3 vir 6 in 3 beurte, en Theodor van Rensburg neem 1 vir 16 in 2 beurte. Stefan van der Linden het 3 beurte geboul en net 9 lopies afgestaan. Ons verloor die wedstryd.

Wildehondepan se o/9's het ons besoek om teen ons krieket te speel. Stella wen die loot en stuur die besoekers in om te kolf. Almal is uit in die 19de beurt met 64 lopies op die telbord. Theodor van Rensburg was in 'n gevaarlike bui. Hy neem 5 paaltjies vir 9 lopies in 4 beurte. Stefan van der Linden het ook na die partytjie gekom en neem self 4 vir 14 in 5 beurte. Ruaan Wiid en Janco Scheepers neem ook elk een paaltjie. Janco Scheepers neem sommer 3 vangskote agter die paaltjies. Mark Boucher, pasop! Hier is manne van Stella oppad.

Toe gaan kolf ons en steek die totaal in die 20ste beurt verby met net 1 paaltjie plat. Gerdus teken 18 lopies aan en Stefan het hom mooi bygestaan met 12. ons wen dus vir Wildehondepan. Spelers van die wedstryd is Theodor van Rensburg en Stefan van der Linden.
Baie geluk manne, dit was sommer mooi!

Sannieshof rol o/18's.

Dinsdag het die o/18-span Sannieshof toe gery om uit te speel teen hulle krieketspan. Ons kolf eerste, maar dit sukkel maar met die wilgerlat. Noppie Jacobs [14], Conrad Mentz[15] en Jandrè de Wet [44] was al wat hond haaraf kon maak teen die boulaanval van die mielieboere. Na 26 beurte is ons almal uit vir 'n skamele 111 lopies. Die boulers het hul bes probeer om die klein totaal te verdedig, maar 'n verbroude vangskoot hier en daar en ander klein foutjies, het veroorsaak dat ons totaal verbygesteek word met nog 3 paaltjies staande. Noppie Jacobs neem 2 vir 41 in 6, Rudi Nel neem 2 vir 19 in 3, Jandrè de Wet kry 1 vir 15 in 6 en Gerrit Mentz neem 2 vir 21 in 6 beurte. Die speler van die wedstryd is Jandrè de Wet.

o/9's loop rieme styf teen Schweizer

Schweizer het hier na ons toe gery om vir ons te kom wys hoe moet mens eintlik krieket speel. Hulle kolf eerste en teken 63 lopies aan in hu 25 beurte. Boulers wat sukses behaal het is : Janco Scheepers met 1 vir 3 in 3, Ruaan Wiid kry 1 vir 11 in 3, Theodor van Rensburg neem 2 vir 9 in 3, Stefan van der Linden laat 1 val vir 11 lopies in 5 beurte. Erwie Griesel neem 2 vir 17 in 4, Christiaan Bester kry 2 vir 8 in 3 beurte en Gerdus Scheepers kon nie 'n paaltjie neem nie, maar sy syfers van 0 vir 4 in 4 getuig van 'n man wat baie mooi geboul het
Toe ons gaan kolf, het dit net te stadig gegaan. Ons kon net 51 lopies in ons 25 beurte aanteken, wat beteken dat ons die wedstryd met 12 lopies verloor. Dit gaan egter al baie beter met die o/9's. Byt net van, die oorwinnings sal kom.

Matrieks skitter!

Verlede Vrydagaand was dit ons jaarlikse matriekafskeid. Na 'n week vol drama en woelinge, het die graad 11's en juffrou Amanda 'n pragtige geleentheid aangebied. Die tema was "A Night in Paris" en dit het omtrent so gevoel met die kunstenaars en musiekmakers op straat. Baie dankie vir al die moeite wat julle gedoen het. Dit het regtig baie mooi gelyk, en die atmosfeer was heel gaaf.

Die eregaste; dis nou die matrieks, het oudergewoonte weer geblink. Die jonge dametjies was so mooi, Gortopaan moes soms mooi kyk om te sien wie is wie. Hulle lyk heel anders as hulle so opgedollie is. Selfs die manne het geblink, hulle en hulle vervoermiddels.
Die toesprake was uit die boonste rakke en as almal net wou luister, het elkeen ietsie vir die pad saamgevat.





Dit was ‘n baie mooi geleentheid, ek hoop julle het baie dankie gesê vir al die moeite wat gedoen is.. Ek weet op hierdie stadium voel dit nie so nie, maar oor ‘n jaar of wat, sal julle baie verlang na hierdie dae.

Die ope dag van die **Graad 1** klas is verskuif van die 23ste na die 30ste Oktober. Die program is as volg : 08:30 – 09:00 – inligtingsvergadering met voornemende ouers. Van 9 uur tot 12 uur kan volgende jaar se graad eentjies voel hoe voel die klas en solank gereed maak vir die groot dag.
Ouers word ook daaraan herinner dat eerskomende Maandag, 26 Oktober, om 07:45, ‘n baie belangrike ouervergadering in die skoolsaal gehou word. Die begrotings van die skool en koshuise moet goedgekeur word. Kom woon dit asseblief by sodat almal deel kan hê en voel aan die besluite.

Mag die naweek saam met die kroos baie lekker wees. Geniet hul geselskap, want een van die dae is hulle groot en getroud, dan mis ons hulle. Vir die rugby ondersteuners – rus nou maar die naweek en bou reserwes vir volgende week as die eindstryd plaasvind.

Langenhoven reken: ***Verbeel jou ‘n wêreld sonder ‘n skaterlag, sonder eens ‘n glimlag. ‘n Hemel op aarde, sal die fariseërs sê. Uit so ‘n hemel sal ek wegloop hel toe.***

Mooi loop.
Gortopaan.

Foto 1
Danie Maree en Thiaan Erasmus – spelers van die wedstryd teen Christiana
Foto 2
Welmarie Wessels – speler van die wedstryd teen Schweizer.
Foto 3
Danie Maree, Leon Vorster – Uitblinkers teen Molopo
Foto 4
Jay Jay Storm – Buhrmansdrift wedstryd se speler van die dag. Johann Cilliers was afwesig toe foto geneem is.
Foto 5
Noppie Jacobs – speler van die wedstryd teen Bloemhof.
Foto 6
Jandrè de Wet en Noppie Jacobs – Spelers van die wedstryd in die Tom Bothma Gedenkwedstryd.
Foto 6.2
Fanie de Villiers in aksie.
Foto 6.3
o/13-span wat die Fanie de Villiers Pro 10 toernooi gewen het saam met die borge en Fanie.
Foto 6.6
Fanie de Villiers oorhandig die Tom Bothma gedenktrofee aan Jandrè de Wet.
Foto 7
Amanda Roets – spreker van formaat.
Foto 8
Suna Swanepoel – erekleure in Akademie
Foto 9
Vlnr: Pieter Wiid, Maghiel le Roux, Leonie Maree, Peter Maree, Michaela Louw. Half erekleure in akademie in laerskool afdeling.
Foto 10
Half erekleure in akademie – hoërskool afdeling. Vlnr : Corlia Labuschagne, Jaco Viljoen, Nic van Biljon, Melanie Henn, Marizaan Bester.
Foto 11
Lee-Ann Shrives, Martinè Labuschagne, Anèl Retief . :Skoonhede van die Beesfees.
Foto 12
Niel de Wet – tweede in die Beesfees mnr Bulletjie kompetisie.
Foto 13
Nuwe SJG-bestuur : Chantelle Panther, Conrad Mentz, Pieter-Jan Storm, Anli van Rensburg
Foto 14
Theodor van Rensburg in aksie – speler van die wedstryd teen Wildehondepan
Foto 15
Stefan van der Linden – speler van die wedstryd teen Wildehondepan.
Foto 16
Jandrè de Wet – speler van die wedstryd teen Sannieshof.

Foto 17
Van die matriekskoonhede en hul metgeselle tydens die matriek afskeidsfunksie.